

## Personeelkamer Opening

### 64. Hardloop saam

***Geskryf deur: Benescke Janse van Rensburg***

Gister het iets mooi tydens 'n plaaslike atletiekbyeenkoms gebeur. My Graad 3-dogter moes aan die 60m en 80m deelneem. In aanloop tot haar item, was dit die Graad 1's se beurt - 'n groot oomblik aangesien hulle vir die eerste keer op 'n tartanbaan hardloop. Toe die seuns by die wegspringstreep hurk, het ek Morris (nie sy regte naam nie) dadelik herken. 'n Week vantevore het hy stof in sy maats se oë gehardloop by die skool se Graad 1-atletiek om deur te dring na dié byeenkoms.

Morris het weer goed weggespring. Hy was voor. Toe, op die 20m merk, gebeur die ondenkbare: Morris slaan neer. Die oomblik was só onverwags dat die skare ouers op die paviljoen gelyk ge-“oooo” het. Morris was gou weer op sy voete, maar toe sak die onsekerheid in. Wat moet hy nou doen? Aanhou hardloop of afstap? Sy maats was immers bykans by die eindstreep.

'n Onderwyser langs die baan het die situasie geles en na Morris gedraf sodat hulle saam tot by die eindstreep kon hardloop - natuurlik onder die luide applous van die skare.

Langs die veld moes ek trane afvee (en dis nie eens my kind nie). 'n Genadedaad van 'n vreemdeling. Al wat ek kon dink is hoe dankbaar ek sou wees teenoor daardie onderwyser as dit my kind was.

Daaglik is daar mense rondom ons wat struikel en val. Ons sien hulle. Ons voel jammer vir hulle. Wat doen ons daaraan? “Ooo” ons net of trek ons hulle op en draf ons saam met hulle na die eindstreep?

In Matteus 25:36-41 vertel Jesus 'n gelykenis oor die belangrikheid om uit te reik en goed te wees vir die mense om ons: “Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: ‘Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? . . . En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’”

God is ons Skepper. Ons is dus almal sy kinders. Wanneer ons uitreik en mense ophelp en “saam met hulle hardloop”, plaas dit nie dalk ook 'n glimlag op God se gesig nie?

Hierdie pratige stukkie is deur Benescke Janse van Rensburg geskryf. Volg gerus die skakel na haar Facebook groep: Stories van Hoop <https://www.facebook.com/storiesvanhoop>, waar jy nog baie inspirerende stories van Hoop sal vind.